

## 30 Julie - MENS

**Skrifgedeelte: Psalm 8**  
**Fokusgedeelte: Psalm 8:5-7**

Iemand het guitig gerym: in die verbruikerskultuur is dit baie belangrik *waar jy bly, wat jy kry en wat jy ry.*

Hierby kan gevoeg word hoe verwaand sportsterre geword het oor hulle vernuf en spoed en spiere. Niemand kyk skynbaar saans meer na die maan en sterre, die skildery van 'n sonsopkoms en –ondergang nie. Wie waardeer nog die gekwetter van vrolike voëltjies in die tuin? Mense het te groot vir hulle skoene geword.

**Nietig** – Psalm 8 meet ons aan die majesteit en mag, glans en glorie van die werk van God se vingers. En bevind jou nietig, klein, weglaatbaar. Het u geweet dat alles in God se skepping sonder die mens kan voortbestaan, maar dat die mens nie sonder iets in die skepping kan bestaan nie?

**Waardig** – Psalm 8 stel ons ook voor God self. Hy hou ons verantwoordelik vir die instandhouding, ontwikkeling en beskerming van die werk van sy vingers.

Hoe is dit moontlik dat Hy einste nietig-weglaatbare mensies só belangrik ag? Dit is niks anders nie as sy verbondstrou, sy genade, sy liefde, sy vertrou in sy mense!

Skielik snap ons: sý skaal van ons nietigheid en waardigheid weeg ons presies andersom. Hoe verwaander ons is oor ons eie waarde, hoe argeloser oor oorbeweiding, besoedeling en aardverwarming.

Aan die ander kant: hoe nietiger ek myself voor God ag, hoe verantwoordeliker voel ek vir my koolstofspoor. Hoe geringer in jou eie oë, hoe waardiger voor Hom!

Gaan jy vandag jou (on)waardigheid voor Hom bewys wanneer jy oorweeg om die leë plastiekbottel by jou motorvenster uit te gooi?

*Sing: Psalm 8:3, 4 (1936-beryming)*

*Ds J Botha (Laeveld)*